

# OUTO-AANSLAG

## Auto-aanslag - ons doen die indiening namens jou

### Wat is nuut?

- **28 Augustus 2020** - SARS gaan belastingpligtiges skakel om hulle te help met hul belastingopgawes

[Hier is inligting oor watter belastingpligtiges geskakel gaan word en hoe jy kan weet dat dit nie 'n slenter is nie.](#)

Gedurende Augustus, verrig ons outomatiese aanslae vir 'n aansienlike aantal belastingpligtiges. Indien jy die uitslag aanvaar, hoef jy nie 'n opgawe te voltooi nie, omdat ons dit reeds vir jou gedoen het.

Indien jy outomaties aangeslaan is, sal jy in Augustus per SMS in kennisgestel word - dus sal daar geen rede wees vir jou om ons te skakel of 'n tak te besoek nie. Die SMS sal jou herlei na [eFiling](#) of die SARS MobiApp om of die aanslag te aanvaar, of dit aan te pas.

Sommige belastingpligtiges kan kommunikasie ontvang voor 1 Augustus 2020, om aan te dui dat hulle nie 'n outo-aanslag sal ontvang nie, of om hulle aandag te vestig op hulle 2019-opgawe bevindings. Dit sal hulle help om die uitstaande opgawes in te dien. Slaan asseblief ag op die kommunikasie en dien enige uitstaande opgawes so gou as moontlik in om vertraging in die indiening van jou 2020-opgawe te voorkom, en om 'n moeitelose ervaring hierdie jaar te verseker.

Indien jy nie vir eFiling geregistreer is nie of as jy die SARS MobiApp wil aflaai, kyk na ons nuttige videos op die [SARS YouTube-kanaal](#), bv. 'How to register for eFiling'-video, of 'How to register on the SARS MobiApp'-video.

Indien jy 'n SMS van SARS ontvang het, volg die maklike stappe soos gewys in ons videos oor hoe om:

- [Die outo-aanslag op eFiling te besigtig](#)
- [Die outo-aanslag op MobiApp te besigtig](#)

Ons reik 'n outo-aanslag uit gebaseer op die data wat ons ontvang van werkgewers, finansiële instansies, mediese skemas, uittree-annuïteitfondsadministrateurs en ander derde party data verskaffers.

Indien jy die uitslae van jou outo-aanslag aanvaar, en indien daar 'n terugbetaling aan jou verskuldig is, sal SARS dit aan jou uitbetaal.

Indien jy SARS geld skuld, kan jy 'n betaling maak op [eFiling](#), deur EFO of deur SARS MobiApp teen die bepaalde sperdatum soos gestipuleer in jou kennisgewing van aanslag. Verwys na ons [2020 Belastingseisoen](#)-webblad vir meer inligting.

## Verwys na ons gereelde vrae hieronder vir meer inligting:

### Wat is nuut?

- **26 Augustus 2020** - Gereelde vrae nommers 24, 25 en 26 is toegevoeg. Belastingpligtiges misgis die foutkodes met bronkodes. Die antwoorde is daarop gemik om te verduidelik wat om te doen indien die foutkodes voorkom.

Nr.	Vraag & Antwoord
1	<p>Vraag - Ek het hierdie SMS van SARS ontvang, wat moet ek doen? SMS: Tax Ref: *****9201. Your 2020 Year of Assessment tax calculated results is -R0.89, based on the information at SARS disposal. You can accept or edit your return through the SARS digital channels. Failure to do so may result in SARS raising an estimate assessment. For more info, visit the SARS website on <a href="https://www.sars.gov.za/TaxTypes/PIT/Tax-Season/Pages/How-does-the-Tax-Calculation-work.aspx">https://www.sars.gov.za/TaxTypes/PIT/Tax-Season/Pages/How-does-the-Tax-Calculation-work.aspx</a></p> <p>Antwoord: Gaan na <a href="http://www.sars.gov.za">www.sars.gov.za</a>, klik op "eFiling login" en volg die maklike stappe hieronder om jou outo-aanslag te aanvaar of aan te pas.</p>
2	<p><b>Vraag:</b> Nadat ek die outo-aanslag-SMS van SARS ontvang het, en op eFiling inteken, wat moet ek dan doen?</p>

	<p><b>Antwoord:</b> Klik op die linkerkantste kieslys op "Return Issued", dan "Personal Income Tax (ITR12)", klik dan op "Request Return" bo regs vir die jaar 2020. 'n Opwipboodskap sal vertoon word wat jou inlig oor die outo-aanslaguitslag. Klik "Continue" om die uitslag te besigtig en 'n opsomming van die onderliggende data wat vir die outo-aanslag gebruik is.</p>
3	<p><b>Vraag:</b> Op my outo-aanslagskerm, is daar 'n bronkode 4029 met die beskrywing "Retirement Fund". Maar ek het nie 'n uitreefonds nie, so hoekom verskyn dit?</p> <p><b>Antwoord:</b> Die bronkode 4029 met die beskrywing "Retirement Fund", neem in berekening bydraes vir bv. uitree-annuïteitfonds, pensioenfonds en/of voorsorgfonds. Dus, as jy, byvoorbeeld, 'n pensioenfonds het en nie 'n uitree-annuïteitfonds, is die kode korrek.</p>
4	<p><b>Vraag:</b> My pensioenbydrae op my IRP5 wys R375 000, maar op die outo-aanslag is dit R350 000. Hoekom verskil die bedrae?</p> <p><b>Antwoord:</b> Uitreefondsbydraes bereik plafon by R350 000, so al was jou bydrae meer, sal dit R350 000 op die outo-aanslag bly.</p>
5	<p><b>Vraag:</b> Ek sien nie my mediese aftrekkings op die outo-aanslag nie?</p> <p><b>Antwoord:</b> Mediese skemabydraes en bykomende mediese skema uitgawes word ingesluit by korting onder berekende belasting.</p>
6	<p><b>Vraag:</b> As ek met die outo-slag saamstem, wat moet ek doen?</p> <p><b>Antwoord:</b> As jy met die besonderhede van die outo-aanslag saamstem, klik "Accept". 'n Bevestigingsboodskap sal vertoon, klik op "Confirm" om die outo-aanslagproses te voltooi. Indien jy die voorgestelde outo-aanslagresultate aanvaar, sal SARS outomaties 'n belastingopgawe namens jou indien en 'n kennisgewing van aanslag (ITA34) uitreik. Om die ITA34 te besigtig, klik op die "View Assessment" oortjie op die eFiling-kieslys.</p>
7	<p><b>Vraag:</b> Wat as ek nie met die outo-aanslagresultaat of die inligting deur SARS gebruik saamstem nie?</p> <p><b>Antwoord:</b> Klik op "Edit Return" om die opgawe aan te pas. SARS sal 'n vooraf-voltooidde opgawe aan jou verskaf wat jy kan aanpas en indien. Sodra jy tevrede is met die inligting verklaar, klik op "submit". SARS sal die opgawe proesseer en die kennisgewing van aanslag uitreik.</p>
8	<p><b>Vraag:</b> Indien ek my bankbesonderhede op eFiling opdateer, hoe lank neem dit om te wys en hoe lank voor die terugbetaling uitbetaal indien een verskuldig is?</p> <p><b>Antwoord:</b> As al die vereiste stawende dokumente voldoende is en die versoek het die verifiëringsproses geslaag wat ons met die bank verrig, behoort dit onmiddelik op te dateer. Verwys na die gereelde vrae oor terugbetaling hieronder.</p>
9	<p><b>Vraag:</b> Hoe lank sal dit neem om my terugbetaling te ontvang indien dit 'n bedrag aan verskuldig getoon het (minusteken langs die bedrag) nadat ek dit aanvaar het?</p> <p><b>Antwoord:</b> Vir die meerderheid belastingpligtiges, drie werksdae (72 uur).</p>
10	<p><b>Vraag:</b> Ek het nie 'n outo-aanslag SMS ontvang nie, maar sien dat my opgawe beskikbaar is op eFiling. Moet ek wag vir 1 September?</p> <p><b>Antwoord:</b> Jy hoef nie te wag vir 1 September nie - jy kan nou indien. Verwys na ons <a href="#">2020 Belastingseisoen</a>-webblad vir die sperdatums.</p>
11	<p><b>Vraag:</b> Wat is die tydsraamwerk om 'n outo-aanslag te aanvaar?</p> <p><b>Antwoord:</b> Jy het tyd tot 16 November 2020 om die outo-aanslag te aanvaar. 'n Geskatte aanslag sal eers na 29 Januarie 2021 uitgereik word.</p>
12	<p><b>Vraag:</b> Hoekom is die bedrae tussen die SMS en SIM01 verskillend?</p> <p><b>Antwoord:</b> Die bedrae op die SMS is gebaseer op derdepartydata wat beskikbaar was op die tydstip toe die belastingopgawe vooraf voltooi is. Daarom moet belastingpligtiges hul opgawe nagaan en dit aanpas waar nodig. Hulle moet verifieer dat al die inligting wat vooraf voltooi is, korrek is en enige bykomende inligting byvoeg wat vereis mag wees. Bykomende inligting sal nodig hê om as stawende dokumente opgelaaai te word.</p>
13	<p><b>Vraag:</b> Ek het hierdie foutboodskap ontvang nadat ek my outo-aanslag aangepas het?</p> <p><b>Antwoord:</b> Foutboodskap - <i>'Filing confirmation - Your ITR12 could not be processed. Please consult with a SARS officer.'</i> Hierdie boodskap kan voorkom op die iPad-toep wanneer die belastingpligtige reeds begin het om die opgawe op 'n ander kanaal aan te pas bv. eFiling of MobiApp of wanneer die outo-aanslag op 'n iPad van die hand gewys is. Wanneer jy hierdie foutboodskap ontvang, skakel 0800 00 7277 of maak 'n afspraak om 'n tak-agent te sien.</p>
14	<p><b>Vraag:</b> Wat beteken hierdie foutboodskap? <i>'We could not display your calculation. 4482 – IRP5 L/S AMOUNT MISSING.'</i></p> <p><b>Antwoord:</b> Hierdie kwessie is reggestel - probeer asseblief weer.</p>

15	<p><b>Vraag:</b> Ek het 'n SMS van SARS ontvang met 'n negatiewe bedrag. Beteken dit dat ek SARS geld skuld?</p> <p><b>Antwoord:</b> Nee, 'n negatiewe bedrag dui aan dat 'n terugbetaling aan jou verskuldig is.</p>
16	<p><b>Vraag:</b> Wat gebeur as ek NIE 'n SMS kry nie?</p> <p><b>Antwoord:</b> Belastingpligtiges kan nou indien. Belastingpligtiges wat aanlyn indien deur eFiling of die SARS MobiApp, moet op of voor 16 November 2020 indien. Belastingpligtiges wat nie elektronies kan indien nie, kan by bepaalde takke indien van 1 September tot 22 Oktober 2020 - <a href="#">slegs per afspraak</a>.</p>
17	<p><b>Vraag:</b> Kan ek by 'n tak instap?</p> <p><b>Antwoord:</b> Nee, geen instap sonder afspraak nie. Jy kan van ons <a href="#">digitale dienste</a> gebruik maak of alternatiewelik 'n <a href="#">afspraak</a> maak om 'n tak te besoek.</p>
18	<p><b>Vraag:</b> Wat beteken die minus voor die belastingbedrag (-Rxxx)?</p> <p><b>Antwoord:</b> Die outo-aanslaguitslag word as kredietbedrag in die SMS-kennisgewing aangedui indien SARS jou geld skuld (- R 1.00) of 'n debietbedrag (R 1.00) indien jy SARS geld skuld.</p>
19	<p><b>Vraag:</b> Ek kom nie deur na die SARS-kontaksentrum nie?</p> <p><b>Vraag:</b> Meeste van ons dienste is aanlyn beskikbaar op eFiling of MobiApp, dus is daar meesal geen rede om ons te skakel nie. As jy ons moet skakel en ons lyne is besig, maak asseblief gebruik van die terugskakel-opsie, sodat jy nie hoef aan te hou nie.</p>
20	<p><b>Vraag:</b> Daar is geen "Accept"-opsie nie?</p> <p><b>Antwoord:</b> As jy 'n SMS van SARS ontvang het, volg hierdie maklike stappe in ons videos oor hoe om die outo-aanslag op <a href="#">eFiling</a> of <a href="#">MobiApp</a> te besigtig.</p>
21	<p><b>Vraag:</b> Wat gebeur as jy nie jou voorgestelde outo-aanslag aanvaar nie?</p> <p><b>Antwoord:</b> Jy het die opsie om dit aan te pas en op te dateer met bykomende inligting voor indiening.</p>
22	<p><b>Vraag:</b> Ek benodig my belastingnommer?</p> <p><b>Antwoord:</b> Jy kan jou belastingnommer by SARS aanvra op verskeie maniere. <a href="#">Verwys na al die inligting oor hoe om jou belastingverwysingsnommer aan te vra</a>.</p>
23	<p><b>Vraag:</b> Hoe lank neem 'n verifiëring?</p> <p><b>Antwoord:</b> In meeste gevalle behoort 'n verifiëring binne 21 werksdae, vanaf die datum wat alle vereiste stawende dokumente ontvang is, afgehandel te wees.</p>
24	<p><b>Vraag:</b> Wanneer ek my ITR12 probeer indien/bereken, ontvang ek 'n foutkode (0020; 0021; 0022; 0023; 0024; 0025; 4478; 4479; 4480; 4481; 4482; 4483) wat sê dat my opgawe nie geprosesseer kan word nie. Wat beteken dit?</p> <p><b>Antwoord:</b> Wanneer 'n belastingpligtige 'n opgawe indien en 'n enkelbedrag het tot hom/haar toegeval gedurende die jaar, kan die stelsel 'n opgawe van die hand gewys as gevolg van verskeie redes as gevolg van inligting wat nie strook tussen die IRP5 verklaar deur die belastingpligtige en die belastingaanwysing nie. Verwys na die kode aan jou voorgelê en die korresponderende verduideliking. Die eerste kode sal teruggestuur word wanneer jy jou opgawe indien, die kode in hakies sal teruggestuur word wanneer 'n belastingberekening versoek word.</p> <ol style="list-style-type: none"> <li><b>0020 (4478) - IRP5 Tax Directive No. invalid</b> Please note that SARS will not process this return. The Tax Directive number captured on the return is incorrect/invalid. .</li> <li><b>0021 (4479) - IRP5 L/S accrual date invalid</b> Please note that SARS will not process the return. The accrual date on the IRP5 does not correspond to the accrual date on the Tax Directive available to SARS. Contact the Fund administrator/Employer to rectify the error and submit the rectified return.</li> <li><b>0022 (4480) - IRP5 L/S source code invalid</b> Please note that SARS will not process the return. . Contact the Fund administrator/Employer to rectify the error and submit the rectified return.</li> <li><b>0023 (4481) - IRP5 Lump Sum amount invalid</b> Please note that SARS will not process the return. The Lump Sum amount on the IRP5 does not correspond to the Tax Directive amount available to SARS. Contact the Fund administrator/Employer to rectify the error and submit the rectified return.</li> <li><b>0024 (4482) - IRP5 received invalid</b> Please note that SARS will not process this return. . .</li> <li><b>0025 (4483) - IRP5 certificate number missing for Tax Directive</b> Please note that SARS will not process the return. There is a finalised tax directive processed but the IRP5</li> </ol>

	<p>Certificate number is not declared on the return. Please contact the Fund administrator/Employer to rectify the error and resubmit the rectified return.</p>
<p><b>25</b></p>	<p><b>Vraag:</b> Toe ek my ITR12 by SARS ingedien het, is 'n kode aan my voorgelê (0020; 0021; 0022; 0023; 0024; 0025) en 'n boodskap. Is die opgawe deur SARS ontvang en kan ek die stawende dokumente indien?</p> <p><b>Antwoord:</b> Waar 'n opgawe van die hand gewys is, sal 'n kopie van die opgawe op eFiling/MobiApp gestoor word om jou in staat te stel om dit aan te pas. Die opgawe is dus steeds uitstaande. Jy sal nie enige stawende dokumente kan oplaai of indien om die status reg te stel nie en jy behoort die administrateur/werkgewer te kontak om die toepaslike regstellende aksies te neem. Jy sal jou ITR12 eers kan indien wanneer die wankombinasie geremedieer is.</p>
<p><b>26</b></p>	<p><b>Vraag:</b> Ek kan nie my ITR12 indien nie omdat my IRP5 en die belastingaanwysing nie met mekaar strook nie. Hoe stel ek hierdie wankombinasie reg sodat ek my opgawe kan indien?</p> <p><b>Antwoord:</b> Jy sal die fondsadministrateur/werkgewer moet kontak om die toepaslike regstellende aksies toe te pas. Sodra die IRP5/belastingaanwysing opgedateer is, sal jy jou ITR12 kan indien (onthou om op "refresh data" te klik om die IRP5 op te dateer wat op die opgawe vooraf-voltooi is).</p>